

LL

Saak No 478/1984

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

DAVID MEKENI

Appellant

en

THEMBISILE SHEPHERD PHAKANE

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM: CORBETT, JOUBERT et VAN HEERDEN, ARR

VERHOORDATUM: 16 SEPTEMBER 1985

LEWERINGSDATUM: 20 SEPTEMBER 1985

---

UITSPRAAK

---

/VAN HEERDEN, AR ...

VAN HEERDEN, AR:

Op 1 Junie 1985 is die lyk van wyle Dirk Jacobus Steyn in 'n huis in Plattekloof, Belville, aange-tref. Die oorledene se hele liggaam was met droë bloed besmeer en sy arms was bokant die elmboë met draad vasgemaak. Daar was veelvuldige indringende wonde van die bors en longe wat tot grootskaalse bloedverlies gelei het. Aan die oorledene se nek was vier oppervlakkige snywonde wat gedui het op 'n poging om sy keel af te sny. Daar was ook snye op sy arms en hande wat vereenselwigbaar was met die afweer, of gepoogde afweer, van messteke.

Die appellante is in die Kaapse Provinsiale Afdeling aangekla van moord op die oorledene asook van roof met verswarende omstandighede. Hulle is op beide klagtes skuldig bevind. Die verhoorhof het voorts bevind dat daar nie versagtende omstandighede was nie en op die moordklag is albei appellante ter dood veroordeel.

/Met ...

Met verlof van hierdie hof is hul appèlle slegs teen elk se doodvonnis gerig.

Dit is duidelik dat die oorledene gesterf het vanweë 'n aanval op hom gedurende die aand van 31 Mei 1984 toe slegs hy en die appellante in die huis was. Die verhoorhof het aanvaar dat, soos die appellante getuig het, die oorledene hulle vroeër die aand in Langstraat, Kaapstad, ontmoet het en daarna per motor na die huis geneem het. Die appellante se getuienis dat die oorledene homoseksuele daade met hulle gepleeg het, en hul botsende weergawes aangaande die oorsaak van, en elk se aandeel in, die aanval op die oorledene, is egter verwerp. Die hof het dan ook bevind dat albei tot 'n meerdere of mindere mate aan die aanval deelgeneem het en die direkte opset gehad het om die oorledene te dood en te beroof.

Dit is gerieflik om eers die tweede appellant se appèl te behandel. Namens hom is aangevoer dat die moord gepleeg is teen 'n homoseksuele "agtergrond" waarby

/manlike ...

manlike prostitusie betrokke was, en dat dit versagting gekonstitueer het. Die verhoorhof se bevindings dat die oorledene nie die appellante met homoseksuele doeleindes na die huis geneem het nie, en ook nie dusdanige daade met hulle gepleeg het nie, is nie aangeveg nie maar klem is gelê op die appellante se verwagtings. Hulle was naamlik geregtig om te aanvaar, so is betoog, dat die oorledene homself seksueel met hulle wou bevredig en dat hy hulle daarvoor sou vergoed. Die appellante se advokaat was egter nie in staat om 'n verband tussen die aangevoerde verwagtings en die moord te trek nie. En selfs indien die oorledene wel homoseksueel met die appellante verkeer het, soos hulle getuig het, stel dit na my mening nie 'n versagtende omstandigheid daar nie. Volgens hul weergawes was die onderhawige geval naamlik nie een waarin die aanval op die oorledene voortgespruit het uit verset teen sy toenaderings of uit walging vir voorstelle van hom of daade deur hom gepleeg nie. Op

sy beste vir die appellante was die aanleidende oorsaak hul aandrang op betaling van 'n bedrag waarop hulle nie geregtig was nie. Daar is dan ook geen fout te vind nie met die verhoorhof se bevinding dat die oorledene met 'n roofmotief aangeval is. Wat ook al vroeër die aand gebeur het, en welke verwagtinge die appellante ook al gehad het, het daarby geen rol gespeel nie.

Daar steek geen pit in die ander argumente wat namens die tweede appellant geopper is nie. Al wat gesê hoef te word, is dat selfs indien hierdie hof by magte was om die aangeleentheid de novo te oorweeg, dit nie sou kon bevind dat versagende omstandighede aanwesig was nie.

Namens die eerste appellant is veral gesteun op sy jeugdigheid. Hy was naamlik ten tyde van die moord slegs ongeveer vyf maande ouer as 18. Voorts is daarop gewys dat hy nege jaar jonger was as die tweede appellant en is aangevoer dat hy bes moontlik deur laasgenoemde beïnvloed was. Die verhoorhof het egter tereg bevind dat

/daar ...

daar geen getuienis was wat op beïnvloeding van die eerste deur die tweede appellant gedui het nie. Die verhoorhof het voorts die eerste appellant se jeugdigheid oorweeg maar met verwysing na die omstandighede waaronder die moord gepleeg is, besluit dat dit nie in sigself 'n versagtende omstandigheid was nie. Dit is tereg nie betoog dat die hof 'n mistasting begaan het nie, en na my mening is die bevinding aangaande die afwesigheid van versagtende omstandighede nie een waartoe geen redelike hof kon geraak het nie.

Die appèlle word afgewys..

H.J.O. VAN HEERDEN, AR

CORBETT, AR

STEM SAAM

JOUBERT, AR